



WEGNEEM KIDDI PINKSTER

INLEIDEND

Deesdae het ons baie WEGNEEM etes wat dinge vir ons makliker maak tydens ons besige lewens. Met die laaste paar uitdagende maande, was dit vir ons veiliger om eerder 'n WEGNEEM ete te koop as om by 'n plek te gaan eet. Kruideniersware is vanaf die winkel WEGGENEEM om by ons afgelewer te word sodat ons veilig tuis kan bly. Met hierdie Wegneem Kinder-/Gesinspinksterreeks besef ons dat die woord "wegneem" eintlik deel van ons geestelike lewenswandel is. Tydens hierdie reeks begin ons waar Jesus WEGGENEEM word, maar eintlik nie weg is nie; en ons eindig waar die Evangelieboodskap WEGGENEEM word na ander mense sodat dit die hele wêreld kan bereik. Die eerste gemeente het die boodskap van die Goeie Nuus WEGGENEEM na huise waar hulle getuig, in huise bymekaargekom en wonderwerke beleef het. Met hierdie reeks wil ons elke gesin uitnooi om saam te beleef, te getuig en te doen.

GEBRUIK DIE REEKS OP 2 MANIERE:

Die reeks bestaan uit 6 ontmoetings, elk met 'n video clip, 'n PDF riglyn, aktiwiteite en hulpmiddelies vir almal se gemak. Die video clip sal julle begelei in wat om te doen. Wees welkom om die video clip eers te stop indien julle as gesin eers bietjie oor die vrae wil gesels.

Hierdie reeks kan op twee wyses gebruik word: 'n Groepie kan by die kerk bymekaar kom, die video's saam kyk en die aktiwiteite en crafts in 'n groep saam doen;

OF al die hulpmiddels kan verpak en versprei word, waar gesinne die video's saam vanaf KIX se speellys op Youtube kan kyk.

Jeugleiers/leraars kan besluit om vooraf 'n wegneempakkie vir elke gesin in die gemeente, wat benodigdhede vir die aktiwiteite bevat, te maak. Julle is ook welkom om die PDF van die aktiwiteite aan die gesinne te stuur sodat gesinne dit self kan maak en voorberei.

GESEËNDE PINKSTERFEES!

Mag dit vir elke huis en gemeente tot seën wees en mag elkeen iets spesiaal WEGNEEM uit hierdie reeks. Mag ons elkeen opnuut weer bewus word van God se roeping vir ons elkeen, daar waar ons is, net soos ons is.